Fietsryer

"Mense wat hulle verwondering oor die lewe verloor het,
het die sin van hulle lewe verloor."
- Wilhelm van St Thierry

Doelwit: *Om die Verkenner die geleentheid te bied om aan 'n fietstoer deel te neem.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Die fietsryerspesialisasie bied eintlik die ideale geleentheid om die volle ABC uit te leef. Dit is 'n moeilike tog wat gegrond op Christelike beskerming en lewenswyse aangepak moet word. Ons bewaar die omgewing deur ons aksies om die omgewing te waardeer en dra ons positiewe Afrikanerskap uit deur ons voorbeeld in alles wat ons doen.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	2 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Die verantwoordelike offisier moet die volledige beplanning doen en die roete vooraf met die betrokke verkeersowerhede uitklaar en daarna die projek aan die kommando-dagbestuur voorlê vir goedkeuring.		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan slegs in groepsverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Al die onderdele van 'n trapfiets ken.*
2. *Die funksie en die versorging van die noodsaaklikste onderdele van 'n fiets ken en kan toepas.*
3. *Kennis dra van die tipes beserings en mediese toestande wat eie is aan fietsry en die nodige noodhulp daarop kan toepas.*
4. *Kennis dra van die korrekte gebruik van die toerusting, soos die fiets, rugsak, slaapsak en klere.*
5. *Kennis dra van die voedsel- en watervoorraad asook die kooktoerusting vir die voorbereiding daarvan.*
6. *Vooraf deur die verantwoordelike offisier ingelig word oor die volgende aspekte:*
   - *6.1 Roete en identifisering van gevare.*
   - *6.2 Padregulasies waar van toepassing op fietsryers.*
   - *6.3 Uitwykpunte vir noodgevalle.*
   - *6.4 Noodonderdele en ander hulpmiddels benodig vir die besondere roete.*
7. *Aan 'n fietstoer deelneem wat minstens 100 km of twee dae duur en op die roete by 'n geskikte plek oornag (die aard van die oornagverblyf is die span se eie keuse).*
8. *Die noodsaaklikste toerusting tydens die fietstoer per fiets vervoer. Swaar rugsakke en slaapsakke kan egter met die ondersteuningsvoertuig vervoer word.*
9. *'n Bespreking na afloop van die fietstoer voer oor waarnemings en gewaarwordings tydens die toer.*